

14 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 10

God se geheim

In Openbaring 9 het ons skrikwekkende dinge gesien. Dit het ons so naby aan die einde gebring. Maar dan sien Johannes weer die troon. Nou is dit 'n engel wat met 'n boekie kom. In hierdie boekie is die sewe donderslae van die oordele van God. Maar Johannes moet die boekie eet! In sy mond is dit soos heuning, maar dit in sy maag so bitter. Die tyd van God se genade vir sy vyande is verby. Die verlossingsdag is naby. Tog ken niemand die dag van Christus se wederkoms nie. Dit sal vir die gelowige 'n verlossingsdag wees, maar vir die vyande van God 'n oordeelsdag.

Die evangelie met sy dubbele uitwerking moet nog steeds verkondig word. As die sewende trompet geblaas word, gaan die oordeel losbars. Hierdie Skrifgedeelte laat ons met die volgende vrae: Hoe smaak die Woord vir jou? Hoe moet ons dink oor die vyande van God en die ongelowiges? Dit is so 'n versoeking om hulle ondergang toe te wens, maar eintlik is dit 'n hartseer saak dat so baie mense hulle rug op God draai en self hulle ondergang bewerk.

In Ps 139:19-22 spreek Dawid sy haat teen die vyande van God uit juis omdat hulle God se eer aantast. Ons kan ook maklik te verdraagsaam teenoor die goddelose wees. Hulle probeer altyd God se planne in die wiele ry.

Dit moet ons egter nooit hoogmoedig maak nie. Ons leef mos net van genade.

Sing: Psalm 33:6

Dr B Duvenage (Emeritus)